SARS GEREED OM VERHOOGDE BTW-KOERS IN TE STEL

Pretoria, 27 Maart 2018 – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is gereed om die verhoging in Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), soos in Februarie deur die minister van finansies aangekondig, in te stel.

Die minister het aangekondig dat die BTW-koers van 14% na 15% sal styf vanaf 1 April 2018.

SARS-spanne het gewerk aan die nodige stelselveranderinge wat BTW-verklarings van ondernemings ontvang en enige BTW-terugbetalings of BTW verskuldig aan SARS bereken. Veranderinge is aan die VAT201-vorm aangebring om die verhoogde BTW-koers aan te toon.

Ondernemers wat SARS eFiling gebruik om hul BTW-opgawes in te dien en wat opgawes gestoor het oor tydperke voor en na 1 April 2018, sal opmerk dat die opgawes verwyder is, omdat dit foutiewe BTW-tariewe bevat. Ondernemers moet ‘n nuwe VAT201-vorm op eFiling aanvra.

SARS moedig ook ondernemers aan om hul stelsels op te dateer in ooreenstemming met die nuwe BTW-koers in gereedheid vir 1 April 2018. Dit sal verwarring tot ‘n minimum beperk en dit vir ondernemers makliker maak om belastingnakomend te bly en die korrekte verklarings aan SARS te stuur.

Ondernemers word verder aangemoedig om die *Value Added Tax*-webblad te besoek waar hulle ‘n sakgids en ‘n aantal gereelde vrae kan vind wat sal help om die implikasies van die verhoogde BTW-koers, op verskillende soorte transaksies, te verstaan.

SARS het ook ‘n toegewyde BTW-koers e-posadres by VATRateEnquiries@sars.gov.za, waarna ondernemers hul vrae en navrae kan stuur. Ondernemers kan ook die SARS-kontaksentrum skakel by 0800 00 7277.